5. Beredenering van die inhoud van 2 Tessalonisense

Hoofstuk 1

1. **Paulus en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense in God onse Vader en die Here Jesus Christus:**
2. **Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!**
3. **Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word,**
4. **sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur–**
5. **'n teken van die regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly;**
6. **aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde,**
7. **en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele**
8. **in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.**
9. **Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte,**
10. **wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind.**
11. **Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak,**
12. **sodat die Naam van onse Here Jesus Christus in julle verheerlik kan word en julle in Hom, ooreenkomstig die genade van onse God en die Here Jesus Christus.** (AFR53)

Versverklaring: Vers 1 en 2 is die aanhef van die brief.

Vers 1

> **Paulus en Silvanus en Timótheus aan die gemeente van die Thessalonicense in God onse Vader en die Here Jesus Christus:**

Hierdie brief is die eerste brief wat die apostel Paulus aan 'n kerk geskryf het.

Wat die aanhef uniek maak, is die volgende:

- Die aanhef is korter as dié van die ander briewe.
- Die drie name van die senders van die brief word sonder enige verdere byvoeging net bloot genoem. In al die ander briewe waar ander name bygevoeg word, word baie duidelik aangetoon dat hulle medegelowiges is deur hulle broeder te noem.
  > **Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Sósthenes, . . .** (1 Kor. 1:1 AFR53)
  > **Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en Timótheüs, die broeder, aan die gemeente van God wat in Korinthe is, saam met al die heiliges wat in die hele Achája is: . . .** (2 Kor. 1:1 AFR53)
  > **Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Timótheüs, . . .** (Kol. 1:1 AFR53)
- Wat Paulus se eie naam betref, word dit altyd gevolg deur die bevestiging van sy apostelskap.
  - In Filippense 1:1 (AFR53) doen hy dit anders: daar noem hy homself 'n dienskneg:
    Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens: . . .
  - en in Filemon 1:1 (AFR53) noem hy homself 'n gevangene van Jesus Christus:
    Paulus, 'n gevangene van Christus Jesus, en die broeder Timótheüs, aan Filémon, die geliefde en ons medearbeider, . . .

Die aanhef noem drie name: Paulus en Silvanus en Timótheus. Dit beteken dat al drie van die inhoud van die brief kennis dra en dat al drie saamstem met die inhoud. Die brief is dus in die naam van al drie geskryf. Die lesers het ook almal baie goed geweet wie die drie manne is!

- Paulus is die apostel Paulus.
- Silvanus is dieselfde persoon wat in Handelinge Silas genoem word. Dat hy genoem word, is logies, want hy het 'n aandeel gehad in die stigting van die gemeente. Sy naam kom voor in 1 Tessalonisense 1:1; 2 Tessalonisense 1:1; 2 Korintiërs 1:19.

Paulus en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (1 Thes. 1:1 AFR53)
Paulus en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense in God onse Vader en die Here Jesus Christus: . . . (2 Thes. 1:1 AFR53)
Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is, deur my en Silvánus en Timótheüs, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom. (2 Kor. 1:19 AFR53)

- Timótheus was van Listre af Paulus se reisgenoot wat hom gehelp het op sy tweede sendingreis. Dit was tydens hierdie reis dat hy in Tessalonika gepreek het en na Paulus se vertrek nog weer 'n keer daarheen teruggestuur is.

  Maar nou dat Timótheüs net van julle af by ons aangekom het en ons die goeie tyding van julle geloof en liefde gebring het, en dat julle altyd 'n goeie herinnering aan ons behou en verlang om ons te sien, net soos ons ook vir julle – (1 Thes. 3:6 AFR53)
  Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie (2 Thes. 3:6 AFR53).

volgens die oorlewering beteken hier dus soos ons julle geleer het.

Vers 1 (vervolg)
. . . aan die gemeente van die Thessalonicense in God onse Vader en die Here Jesus Christus . . .

Opmerkings
In die meeste van Paulus se briewe gee hy 'n ander aankondiging: Dis altyd iets soos: aan die heiliges, en dan volg die naam van die plek waar hulle bly. Wat die Tessalonisensebriewe uitsonderlik maak, is dat hy by name die lidmate aankondig: die gemeente van die Thessalonicense i.p.v. die gemeente te Thessalonika.

Vergelyk hiervoor die briefaanhef in elk van die onderstaande:

Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God – wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here, deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam, onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (Rom. 1:1-7 AFR53)
Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Sósthenes, aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Here: . . . (1 Kor. 1:1-2 AFR53)
Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en Timótheüs, die broeder, aan die gemeente van God wat in Korinthe is, saam met al die heiliges wat in die hele Achája is: Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus. (2 Kor. 1:1-2 AFR53)
Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het, en al die broeders wat by my is – aan die gemeentes van Galásië: Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, . . . (Gal. 1:1-3

AFR53)
Paulus, ’n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus: Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus! (Ef. 1:1-2 AFR53)
Paulus, ’n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop, aan Timótheüs, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here! (1 Tim. 1:1-2 AFR53)
Paulus, ’n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, ooreenkomstig die belofte van die lewe wat in Christus Jesus is, aan Timótheüs, my geliefde kind: Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en Christus Jesus, onse Here! (2 Tim. 1:1-2 AFR53)

Calvyn skryf hieroor die volgende:
Oor die vorm van die groete sal dit oorbodig wees om te praat. Dit alleen is werd om opgemerk te word – dat van die gemeente gesê word dat dit in God en Christus is, wat nie alleen versamel is onder die banier van die geloof nie, sodat dit die enige God en Vader mag dien en op Christus vertrou, maar wat die werk en gebou is van sowel die Vader as van Christus, omdat terwyl God ons as sy eie aanneem en vernuwe, ons deur Hom begin om in Christus te wees (1 Korinthiërs 1:30). (Vertaling uit die oorspronklike deur prof. Fanus Postma)

Die brief gaan aan ’n gemeente.

- Die Griekse woord ek-klèsia beteken letterlik die wat saamgeroep en/of bymekaar-gemaak is.
    - In die klassieke Grieks het die woord ’n amptelik saamgeroepte volksvergadering aangedui.
    - Later het die woord verskillende religieuse verenigings in die Grieks-Oosterse wêreld aangedui.

Omdat die bepaalde groep mense wat deur die woord benoem word, aanvanklik vir misverstand vatbaar kon wees, skryf die Heilige Gees deur Paulus se pen baie duidelik: Hierdie bymekaargemaaktes is in God onse Vader en die Here Jesus Christus versamel/uitverkies.

Die gemeente se kwalifikasie is dat hulle gesê word dat hulle in God en Christus is.

- Hulle is dus inderdaad versamel onder die banier van die geloof in Jesus Christus.
- Hulle mag daarom op die enige God en Vader en op Christus vertrou en God sodoende dien.
- Maar die feit dat hulle byeengeroep is, is die werk en gebou van sowel die Vader as van Christus.
    - omdat terwyl God die kerk (ons) as sy eie aanneem en vernuut,
    - ons deur Hom begin om in Christus te wees.

Jesus dui op die mensheid van God, en Christus dui op die amptelikheid van sy werk.
Die beginsel wat hier geopenbaar word, is dus uiters belangrik:

- Die grond vir die bestaan van die kerk is dus uit en tot God.
- Die eenheid van die gemeente berus dus ook in die eenheid van hulle aanbidding en diens aan God.

Vers 2

Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

Om kerk te mag wees en om te mag glo, is al reeds volledig ’n genadegawe van God aan ons.

- Genade (Charis) is natuurlik die Griekse manier van groet, wat genade beteken.
- Vrede (ShalÕm) word bygevoeg, wat vrede beteken – waarskynlik omdat die apostel Paulus in twee wêrelde grootgeword het: Sy pa was ’n Fariseër en sy ma ’n Griekse vrou. In hom het die twee kulture dus saamgevloei.

Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes:
Genade
Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen (Op. 22:21 AFR53)

. . . aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (Rom. 1:7 AFR53)
Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (1 Kor. 1:3 AFR53)
. . . deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. (Rom. 5:2 AFR53)
Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word. (2 Kor. 8:9 AFR53)

Vrede

en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer. (Matt. 10:13 AFR53)
En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: Vrede vir hierdie huis! En as dáár 'n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer. (Luk. 10:5-6 AFR53
En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. (Fil. 4:7 AFR53)
En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! (Joh. 20:19 AFR53)
En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! (Joh. 20:26 AFR53)

Die groetvorm genade en vrede het ''n algemene groetvorm in die christelike literatuur geword. Dit is 'n samevoeging van die Griekse en Joodse groetvorm. Dit is egter nie die enigste groetvorm wat daar is nie. Daar is meer groetvorms aan ons oorgelewer, soos byvoorbeeld dat in die profane literatuur daar ook ander groetvorms gebruik is wanneer briewe geskryf is. In die papiri word die groetvorm gesondheid en voorspoed dikwels gebruik.
Die groetseën word word duidelik gekwalifiseer: Die genade en vrede kom van God die Vader en die Here Jesus Christus af.

God die Vader
Die betrokke ekklesia (uitverkorenes/kerk/opgeroepte vergadering) word onderskei van enige moontlike ander ekklesia wat daar mag wees:

- Hierdie een is die gemeente van die Tessalonisense wat deur God die Vader opgeroep en bymekaargemaak is.
- Daarom staan die woordjie (voorsetsel) in bygeskryf:
    - Die ekklesia is in God. Dit beteken dat die eenheid van die gemeente in God is.
    - God is die Vader van die Here Jesus Christus – en in Hom as die Vader van die Here Jesus Christus is die Here ook die Vader van die christen Tessalonisense.
    - In dié opsig vorm die uitverkore kerk die gesin van God: God is hulle Vader en hulle is broers en susters van mekaar.

. . . en die Here Jesus Christus . . .
Die ekklesia word nou nog verder gekwalifiseer:

- Die ekklesia word verder van alle ander ekklesias onderskei omdat sy in Christus ook is.
- Jesus Christus is die grond en inhoud van elke Christen se geloof – en dus ook van die gemeente van Tessalonika

Die woorde Here en Jesus en Christus het elkeen 'n eie inhoud en betekenis:
Die woord wat met Here vertaal word, is die Griekse woord kurios. Dit is 'n baie ou militêre term wat die aanvoerder van 'n leër beskryf. Die kurios het die volgende eienskappe:

- Hy is die hoof van die leër.
- Hy is die aanvoerder van die leër.
- Hy was in 'n geveg en hy het as oorwinnaar van die oorlog af weggegaan.
- Hy het krygsgevangenes geneem wat hy saam met hom terugneem na sy land/koninkryk toe.

Omdat die Here Jesus al hierdie dinge doen/gedoen het, word Hy met hierdie woord benoem:

- Hy is die hoof van die leër.
    - Die leër is al die engelemagte wat nie in sonde geval het nie en al die uitverkorenes.
- Hy is die aanvoerder van die leër. Die leër is die kerk!
    - Kyk na die volgende uitsprake in die Skrif:
        - **Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos.** (Jes. 33:22 AFR 53)
        - **Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.** (Op. 19:11 AFR 53)
        - **En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne** (Op. 19:14 AFR 53)
- Hy was in ’n geveg en het as oorwinnaar van die oorlog af weggegaan.
    - Met die versoeking in die woestyn net na sy doop en veral aan die kruis het die Here Jesus die Satan verpletterend verslaan.
- Hy het krygsgevangenes geneem wat hy saam met hom terugneem na sy land/koninkryk toe.
    - **God laat die eensames woon in ’n huisgesin, Hy lei die gevangenes uit in voorspoed; maar die wederstrewiges woon in ’n dor land. O God, toe U uitgetrek het voor u volk, toe U voortgestap het in die wildernis, . . .** (Ps. 68:7, 8 AFR53)

Vers 3

> **Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word, . . .**

In die oorspronklike teks is alles van vers 3-10 net een enkele lang sin.

Ons moet God altyd dank . . .
Die apostel Paulus het in meer as een brief die styl gevolg om onmiddellik na die seëngroet sy blydskap oor een of ander saak rakende die geadresseerdes uit te spreek. Daarna laat hy dit dan oorgaan in ’n dankbetuiging.

Vergelyk hiervoor:

> **Ek dank my God altyd oor julle vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is, . . .** (1 Kor. 1:4 AFR53)
>
> **In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld.** (Rom. 1:8 AFR53)
>
> **Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid, . . .** (Kol. 1:3 AFR53)
>
> **Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink –** (Fil. 1:3 AFR53)
>
> **Ek dank my God altyd wanneer ek aan jou in my gebede dink, . . .** (Fil. 1:4 AFR53)
>
> **. . . hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, . . .** (Ef. 1:16 AFR53)
>
> **Ons moet God altyd dank . . .**

- Dit beteken dat die apostel en sy geselskap elke keer as hulle bid, die verpligting op hulle voel om ook vir die Tessalonisense te bid en hulle aan die Here op te dra.
- Die voorbidding van die apostel vir die gemeente wat deur sy prediking tot stand gekom het, bly dus deel van sy gebed vir hulle.

Daar is meer as een woord in Grieks wat verpligting aandui.

- Normaalweg sou in ’n sin soos hierdie die woord ***δει*** (dei) gebruik word. Dit beteken jy word van buite af verplig om iets te doen – soos bv. die wet wat jou verplig om by ’n rooi verkeerslig stil te hou.
- Die woord wat hier gebruik word, is ***οφειλομεν*** (opheilomen). Dit dui op ’n drang wat van binne die mens af uitkom. Dit is dus ’n behoefte wat in die hart van Paulus ontstaan om vir die gelowige mense in Tessalonika te bid.

. . .soos dit billik is . . .

Die woorde gee die rede waarom die apostel en sy geselskap moet/wil bid:

- Hulle geloof het vermeerder.
- Die wederkerige liefde van elkeen van hulle almal het vermeerder (letterlik staan daar: die liefde van elkeen van julle almal tot mekaar).

Calvyn skryf die volgende (uit die vertaling deur prof Fanus Postma):

- Paulus begin vanuit ’n lofbetuiging om dan ’n oorgang te maak na ’n aanmoediging.
    - want so maak ons meer vordering by hulle wat reeds op weg is, wanneer ons sonder verswyging van hulle vroeëre vordering, hulle herinner aan hoe ver hulle nog verwyderd is van die einddoel en hulle prikkel om vol te hou.
- Maar aangesien hy hulle geloof en liefde in die eerste brief geprys het, preek hy nou die vermeerdering van albei.
    - Daar moet voorwaar deur alle godvrugtige mense aan hierdie beweegrede vasgehou word, sodat hulle hulleself daagliks sal ondersoek en sal kyk hoe ver hulle gevorder het.
    - Dit is egter die ware lof van die gelowiges, as hulle daagliks groei in geloof en liefde.

Wanneer Paulus die woord altyd gebruik, dui hy aan dat hy voortdurend voorsien word met nuwe rede tot dank.

- Hy het God vroeër oor hulle gedank – nou sê hy waarom hy dit weer doen, naamlik op grond van daaglikse vordering.
- Wanneer hy God egter dank op hierdie grond, verklaar hy dat die toename in die geloof en in die liefde nie minder van Hom afkomstig is as die begin daarvan nie.
    - As dit immers van die krag van mense afkomstig sou gewees het, sou die danksegging versin gewees het of ten minste waardeloos.
- Verder toon hy aan dat hulle vordering nie gewoon en selfs middelmatig was nie, maar oorvloedig.
    - Soveel skandeliker is ons traagheid, wanneer ons oor ’n lang tyd skaars een voet vorder.

Die woord altyd dui ook daarop dat die apostel te alle tye en te alle omstandighede vir hierdie kerk bid – daar is nie iets wat op enige stadium tussen hulle en hom (en sy wil om vir hulle te bid) gaan staan nie.

. . . soos dit billik is . . .

Met hierdie woorde toon Paulus aan dat ons aan God tot danksegging verbind is, nie alleen wanneer Hy aan ons goed doen nie, maar ook wanneer ons sy weldade teenoor ons broeders bedink.

- Want waar die goedheid van God ook al skitter, is dit paslik om dit met lof te besing.
- Vervolgens, die heil van ons broeders behoort vir ons so kosbaar te wees dat ons alles wat aan hulle geskenk is, behoort te tel onder ons eie weldade.
- Ja, ook as ons die aard en heilige eenheid van die liggaam van Christus bedink, sal hierdie onderlinge gemeenskap tussen ons groei, sodat ons die gawes aan elke enkele lid sal beskou as ’n voordeel vir die hele Kerk.
- Derhalwe moet die hele eenheid van die Kerk altyd in gedagte gehou word in die lofprysing van die weldade van God. (uit die vertaling deur Prof Fanus Postma)

. . . omdat julle geloof grootliks toeneem . . .

Die apostel noem twee redes waarom hy die Here dank vir die gemeente:

- Die eerste een is omdat julle geloof grootliks toeneem.

Wat hierdie rede uitsonderlik maak, is die feit dat Paulus in 1 Tessalonisense 3:10 daarop sinspeel dat daar fout is met die geloof van die gemeente van die Tessalonisense:

> **. . . terwyl ons nag en dag baie ernstig bid om julle aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?** (1 Tes. 3:10 AFR53)

Iets moes intussen gebeur het, want hy gee nou krediet: Hy dank die Here, want hulle geloof het uitermate gegroei.
Die woord wat hy gebruik om hulle geloofsgroei te beskryf, beteken dat dit uitermate toegeneem het (υπεραυξανει). Die υπερ beteken oormatig/uitermate, terwyl αυξανει beteken dat iets meer word/vermeerder. Paulus se beoordeling van die geloofsituasie van die Tessalonisense – soos wat Timoteus sopas aan hom berig het – is dat dit uitermate gegroei en verbeter het.

> **. . . en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word, . . .**

In 1 Tessalonisense 3:12 het Paulus gebid dat die Tessalonisense se liefde mag groei. Blykbaar was daar onderlinge struweling of mense wat nie verdraagsaam teenoor ander lidmate was nie.

> **. . . en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is, . . .** (1 Thessalonisense 3:12 AFR53)

Nou dank Paulus die Here dat daardie gebed van hom verhoor is. Die gemeente het geleer om mekaar lief te hê – hulle liefde het vermeerder.

Die woord wat gebruik word vir vermeerder/groter word ten opsigte van hulle liefde vir mekaar, verskil van die woord wat gebruik word vir hulle geloof wat toeneem/meer word:

- Die woord by geloof is αυξανει (auksanei). Dit beteken altyd dat iets fisies groei. Hierdie woord beteken dat iets meer word of toeneem, soos 'n gesonde boom wat al groter word soos wat dit groei.
- Die woord by liefde is πλεοναζει (pleonadzei).
    - Die woord beteken ook meer word/toeneem, maar dit het altyd op iets wat abstrak is betrekking, soos bv. liefde of haat.
    - Wat hierdie woord verder belangrik maak, is die feit dat dit in die Nuwe-Testamentiese Grieks meestal betrekking het op iets wat God gee, en dit het gewoonlik betrekking op iets wat eskatologies betrekking het (m.a.w. betrekking het op die wederkoms van die Here Jesus Christus).
- Toegepas beteken dit dus dat (God se gegewe) liefde deur die hele gemeente beoefen word (en dat hulle daarin slaag om meer/beter te kan liefhê), maar dit beteken ook dat die saak van liefde betoon duidelik in elke lidmaat se persoonlike lewe sigbaar is.

Daarom word die saak met 'n groot omhaal en omslagtigheid van woorde beskryf, naamlik dat hulle wederkerige liefde van ieder en 'n elk van hulle vir mekaar al hoe groter word (vry vertaal). Daarmee sê Paulus dus ook dat hierdie een stuk bekommernis (besorgdheid) van hom nou heeltemal besweer is.

Vers 4

> **sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur –**

Die sin begin deur die konsekwensies van die vermeerdering van die geloof en die liefde van die gemeente uit te spel:

- Paulus en sy reisgenote kon grootpraat oor die Tessalonisense by die ander Christene.
- Wat eienaardig is, is dat Paulus die ons self (***αυτους ημας***) so sterk beklemtoon. Die korrekte taalkundige uitdrukkingswyse is dat hy die ons in die werkwoord moes inbou. Soos wat dit hier staan, lê dit swaar klem daarop dat die lofprysinge wat vir die Tessalonisense gesing word deur Paulus en sy geselskap gedoen word!

Roem (***εγκαυχασθαι***) beteken letterlik grootpraat/“brag”/spog.
Uit die manier waarop die saak gestel word, lei ons af dat dit nie die gebruik was dat predikers geloop en grootpraat het oor gemeentes wat deur hulle tot stand gekom het nie. In hierdie geval gebeur dit egter wel, omdat die meriete van die dinge wat in die gemeente van Tessalonika gebeur het, so uitstaande was, dat selfs die stigters van die kerk gedryf word om die gemeente te prys.

Die woord geloof ***(πιστος)*** beteken hier dat hulle vertroue in God het.

Vervolginge (***διωγμοις***) is ‘n verdrukking wat deur iets baie spesifieks veroorsaak word, byvoorbeeld Christenvervolging onder die gelowiges omdat hulle Christene is.

Die tweede woord verdrukkinge (***θλιψεσιν***) beteken dat dit ‘n meer algemene soort van vervolging is. Dit is nie ‘n vervolging as gevolg van ‘n spesifieke oorsaak nie.

Die feit dat die verdrukking in die praesens (teenwoordige tyd) beskryf word, beteken dat die gemeente al ‘n tyd lank besig is om te ly as gevolg van die verdrukkings en vervolgings en dat dit nog nie oor is nie. Die verdrukking en vervolging gaan nog steeds aan.

Dit gaan in elk geval daaroor dat die Kerk van die Here in ‘n heidense omgewing baie vyandskap verduur. Dis nou bo en behalwe die vyandskap wat uit die kerk se binnekant kom – dit waarvan die betrokke gemeente juis tot bekering gekom het!

. . . volharding en geloof . . .

Wat duidelik is, is dat volharding:

- die vrug is van geloof; en
- die bewys is van ‘n opregte geloof.

Sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem . . .
Hy kon nie groter lof aan hulle toegeskryf het as wanneer hy sê dat hy hulle as voorbeeld voorhou in ander gemeentes nie, want dit is wat hierdie woorde wil sê: ons roem in julle by die ander gemeentes.

- En Paulus het immers nie die geloof van die Thessalonicense op 'n eersugtige manier geroem nie, maar (hy doen dit) omdat sy aanprysing van hulle 'n prikkel kon wees tot die strewe van navolging.
- Verder sê hy nie dat hy roem oor hulle geloof en liefde nie, maar oor hulle geloof en volharding (verdraagsaamheid).

Hieruit volg dat volharding die vrug en getuienis van die geloof is. Dus behoort hierdie woorde soos volg opgelos te word:

- ons roem oor julle volharding wat uit die geloof voortkom en die volharding getuig dat die geloof in julle skitter – andersins sou die verband nie geklop het nie.
- En voorwaar, daar is niks wat ons in beproewinge onderskraag soos die geloof nie. Dit blyk genoegsaam daaruit dat sodra die beloftes van God ons ontvlug, ons geheel en al neerstort.
    - Derhalwe, hoe meer vordering iemand maak in die geloof, hoe meer sal hy onderlê wees in volharding om alles manmoedig te verduur.
    - Netso, aan die ander kant, bewys swakheid en ongeduld in teenspoed ons ongelowigheid – maar besonderlik wanneer vervolginge ter wille van die evangelie verduur moet word, vertoon die krag van die geloof sigself. (aldus Calvyn – vertaling prof. F. Postma).

Vers 5

’**n teken van die regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly;**

Dit gaan nie oor die vervolginge en verdrukkinge in die eerste plek nie, maar oor wat die Tessalonisense daarmee gedoen het. Hulle hantering van die saak is van die grootste belang.

Die rede is voor die hand liggend:

- Die lyding wat die gelowiges deurgaan, is sodat hulle die koninkryk van God waardig geag mag word.
- God gee gelowiges die krag om deur stryd te kom, en om met waardigheid die regte perspektief op sake te behou:

Vergelyk hiervoor Filippense 1:27-30

> **. . . ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie, en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van redding, en dit van God; omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly, terwyl julle dieselfde stryd het as wat julle in my gesien het en nou van my hoor.**
>
> '**n Teken van die regverdige oordeel van God . . .**

Waarop sien die "**teken"** waarna Paulus hier verwys? Bespreek dit bietjie self.

.....

Wie sien die paradoks raak? Dit is:

Lyding wat 'n toets/teken is teenoor God se regverdige oordeel

Die regverdige oordeel van God sien op die eindgerig wanneer die Here Jesus as die ewige Regter op die wolke kom.

Die inhoud van die oordeel van God sal wees dat Hy die Tessalonisense waardig sal ag om in die heerlikheid van sy koninkryk in te gaan. Die verswygde bedoeling is dat die rolle dan omgekeer word: diegene wat hulle nou verdruk oor hulle geloof in Jesus Christus word dan nie deur God waardig geag aan sy koninkryk nie. Hulle gaan hel toe!

Die woorde regverdige oordeel het ook 'n sinspeling in dat God die Een is wat regverdig maak en regverdig verklaar. Dit gaan dus nie net oor die insig in God se oordeel dat Hy presies kan raaksien wat reg en verkeerd/goed en sleg is nie.

Calvyn skryf lank en interessant hieroor:
Die uiteensettinge van ander laat ek daar – ek is van mening dat die ware betekenis is dat die onreg en vervolginge wat onskuldige en godvrugtige mense van bose en misdadige mense verduur, duidelik soos in 'n spieël toon dat God eendag die Regter van die wêreld sal wees.

- En hierdie uitspraak is geheel en al die teenpool van die wêreldse mening wat ons gewoonlik bedink wanneer dit sleg gaan met die goeies en goed gaan met die slegtes.
- Ons dink immers dat die wêreld toevalligerwys beheer (gedraai) word en ons laat aan God geen beheer nie.
- Gevolglik gebeur dit dat goddeloosheid en veragting besit neem van mense se harte, soos Salomo sê (Pred. 9:3), want hulle wat onverdiend iets verduur, blameer God of hulle dink dat die lotgevalle van mense nie sy bekommernis is nie.
- Ons verneem wat Ovidius sê: "Ek word beweeg om te dink dat daar geen gode is nie." (Calvyn verwys na Ovidius se Amores III. 9, 36. Volledig lui dit daar (vertaald): "Wanneer onheile die goeies oorval, word ek beweeg om te dink dat daar geen gode is nie." – Prof. Fanus Postma.)
- Ja, selfs Dawid bely dat omdat hy dinge in so 'n verwarde toestand op aarde gesien het, sy voet byna soos op olie gegly het (Psalm 73:2) (Calvyn misgis hom hier. Psalm 73 is 'n Psalm van Asaf. – Prof. Fanus Postma.)
- Daarenteen word die goddelose in voorspoed meer brutaal, asof geen straf op hulle misdade op hulle wag nie. So het Dionysius tydens 'n voorspoedige seevaart gespog dat die gode die heiligskenners vriendelik gesind is (In sy Franse weergawe van hierdie kommentaar sê Calvyn dat Dionysius hierdie

woorde geuiter het nadat hy ’n tempel beroof het. – Prof. Fanus Postma).

Ten slotte, wanneer ons sien dat die wreedheid van die goddelose teen die onskuldiges ongestraf voortgaan, maak die vleeslike gevoel die gevolgtrekking dat daar geen oordeel van God is nie, dat daar geen straf van misdadigers is nie en dat daar geen vergoeding vir geregtigheid is nie.

Paulus verklaar egter aan die ander kant dat wanneer God die goddelose so vir ’n tyd lank spaar en die onregspleginge teenoor sy mense verontagsaam, sy toekomstige oordeel aan ons vertoon word soos in ’n spieël.

- Paulus aanvaar dit immers as buite twyfel dat dit nie anders kan as dat God as ’n regverdige Regter, eenmaal die vrede sal herstel vir die ellendiges wat nou onregverdiglik geteister word en aan die verdrukkers van die godvrugtiges die loon sal betaal wat hulle verdien.
- As ons derhalwe aan hierdie beginsel van die geloof vashou dat God die regverdige Regter van die wêreld is en dat dit sy taak is om aan elkeen sy loon te vergeld volgens sy werke, dan volg die ander beginsel vanselfsprekend – dat die teenwoordige wanorde ’n aanduiding (demonstrasie) is van die oordeel wat nog nie tevoorskyn tree nie.
- As God immers die regverdige Regter van die wêreld is, moet daardie dinge wat nou wanordelik is, herstel word. Maar niks is wanordeliker nie as dat die goddelose ongestraf die goeies molesteer en voortgaan met onbeteulde geweld, maar die goeie mense, sonder skuld aan hulle kant, wreed geteister word.
- Hieruit is dit geredelik af te lei dat God eenmaal sy regterstoel sal bestyg, sodat Hy die toestand van hierdie wêreld tot betering mag skik.

Die uitspraak wat hy hieraan verbind, naamlik aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde (vers 6), is die grondslag (fondament) van hierdie leer – dat God tekens vertoon van ’n toekomstige oordeel, wanneer Hy Hom nou weerhou van sy amp as Regter.

Voorwaar, as sake nou op ’n draaglike manier saamgestel sou gewees het, sodat die volle (absolute) oordeel van God kenbaar mag word, sou ’n skikking van hierdie aard ons op aarde gehou het.

- Om ons op te wek tot die hoop op die toekomstige oordeel, oordeel God nou die wêreld slegs gedeeltelik.
- Hy voorsien inderdaad baie tekens (bewyse) van sy oordeel, maar op so ’n manier dat Hy ons dwing om ons hoop verder uit te brei.

Dit is werklik ’n merkwaardige Skrifgedeelte, omdat dit ons leer hoe ons gedagtes weg van die struikelblokke van die wêreld aangespoor moet word so dikwels as wat ons enige teenspoed verduur, naamlik sodat die regverdige oordeel van God in ons gedagtes mag opkom, wat ons buite hierdie wêreld sal voer. So sal die dood ’n beeld van die lewe wees.

. . . dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word . . .

Calvyn skryf:
Geen vervolginge is sodanig dat dit ons die koninkryk van God waardig maak nie.

- Paulus betoog ook nie hier oor die rede van die waardigheid nie, maar pas alleen die algemene leer van die Skrif toe – dat God die dinge wat van die wêreld is in ons vernietig, sodat Hy ons tot ’n beter lewe mag herstel.
- Verder, deur beproewinge toon Hy aan ons die waarde van die ewige lewe.
- Ten slotte toon Paulus blootweg aan hoe gelowiges voorberei word en as ’t ware gepoleer word onder die aambeeld van God, omdat hulle geleer word om deur beproewinge die wêreld te versaak en na die hemelse koninkryk van God te streef.
- Verder word hulle in die hoop op die ewige lewe bevestig, terwyl hulle daarvoor stry. Dit is immers die ingang waaroor Christus met sy dissipels gespreek het (Lukas 9:23).

Vers 6

aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde,

… **om verdrukking te vergelde…**

Die apostel sluit aan by die Ou Testamentiese openbaring.

- In die Ou Testament het Israel as volk van God ‘n reg geken dat hulle hulle op God kan beroep vir beskerming.
    - Net so kon die verdruktes hulle op God beroep vir beskerming teen hulle onderdrukkers.
- Dit word nou net so toegepas op die Christelike kerk:
    - Die kerk kan op God se beskerming teen verdrukkers reken - God sal mettertyd die verdrukkers straf!

(4:3) **o Manne, hoe lank sal my eer tot skande wees? Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek? Sela. (4:4) Weet tog dat die HERE vir Hom ‘n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep.** (Psalm 4:2,3 AFR53)

(7:8) **En laat die vergadering van die volke U omring; keer dan bo hulle terug in die hoogte! (7:9) Die HERE oordeel die volke. Doen aan my reg, HERE, na my geregtigheid en na my onskuld wat by my is.** (Psalm 7:7-8 AFR53)

Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind? (Lukas 18:7-8 AFR53)

Kom ons kyk na wat Calvyn hieroor te sê gehad het:
Ons het reeds gesê waarom hy die wraak van God teen die goddelose vermeld (aangeraak) het.

- Dit was sodat ons naamlik rus sal vind in die verwagting van die toekomstige oordeel, omdat God Hom nog nie teen die kwaaddoeners wreek nie, aan wie dit tog noodsaaklik is om straf vir hul misdade toe te bedeel.
- Terselfdertyd begryp gelowiges tog dat daar geen rede is waarom hulle die tydelike en vervlietende geluk van die goddelose sou beny nie, wat binnekort verander sal word in 'n verskriklike ondergang.
- *Dit wat hy byvoeg aangaande die verligting van die (verdrukte) godvrugtiges, stem ooreen met daardie uitspraak van Petrus, waar hy die dag van die laaste oordeel die dag van verkwikking noem (Hand. 3:20) (In beide die 1933 – 1953 Afrikaanse vertaling en die Engelse "authorized version" kom die woorde tye van verkwikking (times of refreshing) in vers 19 voor. In die 1983 Afrikaanse vertaling en in die "New International Version" vind ons dit wel in vers 20.* – Prof. Fanus Postma).

[eie invoeging: Handelinge 3:19, 20
Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, (Handelinge 3:19-20 AFR53)]

In hierdie verklaring aangaande die goeies en die slegtes wou hy nietemin duideliker uitdruk hoe onregverdig en verward die regering van die wêreld sou gewees het, as God nie die straf en vergelding uitgestel het tot 'n later (ander) oordeel nie, want op hierdie manier sou die Naam van God dood gewees het.

- Hulle wat nie streef na hierdie geregtigheid waaroor Paulus praat nie, beroof gevolglik God van sy amp en krag.
- Hy voeg by saam met ons (vers7), sodat hy die geloof aan die leer aanvaarbaar mag maak uit die ervaring van sy eie geloof.
    - Hy toon immers aan dat hy, deur homself saam met hulle in dieselfde omstandigheid en rangorde te plaas, nie filosofeer oor onbekende sake nie.
    - Maar ons weet hoeveel meer gesag hulle verdien wat deur lang ervaring geoefen is in die dinge wat hulle leer, en dat hulle niks van ander vereis wat hulle nie self bereid is om te doen nie.
    - Paulus skryf derhalwe nie vanuit die skaduwee aan die Thessalonicense voor hoe hulle onder

die (brandende) son die stryd moet voer nie, maar terwyl hy vuriglik stry, spoor hy hulle aan tot dieselfde strydvoering

NB: *Hierdie sin maak een ding baie duidelik: die regverdigheid van God het konsekwensies. Daarom moet daar nie met menslike emosionele argumente 'n saak voor uitgemaak word dat God onregverdig is as Hy straf nie. Daar is selfs geskrifte wat hierdie sin as "onchristelik en onaanvaarbaar" afmaak. Dit is selfverheffing en Skrifkritiek.*

'n Engelse Skrifverklaarder (Leon Morris) skryf die volgende:
*The sinner always hopes that he will escape any penalty for his sin; but because God is over all, this is utterly impossible. "**Punishment is the other half of sin"** said James Denney, a truth to which this verse gives emphatic expression, grounding it, as is meet, not in general philosophical opinions, but in the righteos nature of God.*

Vers 7 en 8

… **en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.**

Die Griekse woord wat met verligting vertaal word, beteken eintlik om 'n tou te laat skiet (soos 'n boogsnaar of 'n tou om 'n dier se nek) totdat daar geen spanning meer oor is nie.

Die woorde saam met ons beteken dat Paulus die gemeente goed laat verstaan dat sy omstandighede presies dieselfde is as die van die Tessalonisensers.

- Hy sit nie veilig en rustig iewers, en nou praat hy hulle moed in uit sy veilige hoekie nie!
- Anders gestel: Hy is nie 'n toeskouer nie: hy is 'n medevegter en iemand wat saam verdruk word.
- MAAR hy het ook dieselfde verwagtings as hulle!

Die antwoord op die vraag: Op watter tydstip gaan hierdie verligting dan nou aanbreek? Kry ons in die volgende woorde:

… **in die openbaring van die Here Jesus…**

- Die verligting kom wanneer die Here Jesus sy Koningskap openbaar.
- Vir die een of ander rede is sy Koningskap nou nog verborge, want Hy self maak dit nog nie openbaar nie.
- Dit is natuurlik so dat Hy sy kerk deur sy Gees regeer, maar dit is nie vir almal sigbaar nie. Daarom is daar baie wat dit loën.

Vergelyk hierby:

…**sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;** (1 Petrus 1:7 AFR53)

Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word. (Lukas 17:30 AFR53)

… **sodat julle in geen enkele genadegawe agterstaan nie, terwyl julle wag op die openbaring van onse Here Jesus Christus,** (1 Korintiërs 1:7 AFR53)

Natuurlik sal die Here Jesus van die hemel af geopenbaar word.

- Hiervandaan gaan Hy Homself openbaar as die Beskikker en Maghebber oor alles wat bestaan - ook oor die Satan en sy magte.
- Dis die groot verskil tussen Hom en die antichris. Die antichris gaan op die aarde geopenbaar word

- in die kerk waar hy gaan plek inneem en maak of hy God is.

Vergelyk hierby:

> …**en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.** (1 Tessalonisense 1:10 AFR53)
>
> **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.** (1 Tessalonisense 4:16 AFR53)
>
> **Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,** (Filippense 3:20 AFR53)

Dit is opvallend dat die rigterlike funksies wat in die Ou Testament aan die Here toekom, in die gedeelte aan Jesus Christus toegeken word. Calvyn skryf die volgende: Hier word verder na Christus verwys wat die wraak uitoefen, want Paulus dui aan dat dit 'n rol is wat deur God die Vader aan Hom toegewys is. Hier word verder na Christus verwys wat die wraak uitoefen, want Paulus dui aan dat dit 'n rol is wat deur God die Vader aan Hom toegewys is.

Vergelyk die volgende tekste:

> (18:49) **wat my red van my vyande; ja, U verhef my bo my teëstanders; U bevry my van die man van geweld.** (Psalms 18:48 AFR53)
>
> **God van wraak, o HERE, God van wraak, verskyn in ligglans!** (Psalms 94:1 AFR53)
>
> **om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke;** (Psalms 149:7 AFR53)
>
> **En Hy het geregtigheid aangetrek soos ‘n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in ‘n mantel.** (Jesaja 59:17 AFR53)
>
> **Want kyk, die HERE sal kom in vuur, en sy waens soos ‘n stormwind, om in hittigheid sy toorn te openbaar en in vuurvlamme sy dreiging.** (Jesaja 66:15 AFR53)
>
> **Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskare, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei.** (Eksodus 7:4 AFR53)
>
> **Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir die HERE: Hy gee hom sy verdiende loon.** (Jeremia 51:6 AFR53)

Calvyn merk die volgende op:
Dit (vers 7 en 8) is 'n bevestiging van die vorige uitspraak.

- Aangesien dit immers een van die artikels van ons geloofsbelydenis is dat Christus uit die hemel sal kom en dat Hy nie tevergeefs sal kom nie, behoort die geloof te soek na die doel van sy koms.
- Dit beteken verder, dat hy as Verlosser vir sy mense sal kom, ja inderdaad, sodat Hy die hele wêreld sal oordeel.
- Die beskrywing wat volg, het dit voor oë dat die godvrugtiges sal begryp dat hoe meer die verskriklike oordeel wag op die vyande van God, hoe meer is die beproewinge van die godvrugtiges tot sorg vir Hom.
- Die vernaamste oorsaak van verdriet en neergedruktheid is immers dat ons dink dat God (net) ligweg beroer word deur die rampe wat ons tref.
    - Ons sien in watter geweeklaag Dawid telkens uitgebreek het, terwyl hy verteer is deur die hoogmoed en onbeskaamdheid van sy vyande.

Paulus het derhalwe al hierdie dinge na vore gebring vir die vertroosting van die gelowiges, en hy teken die

gerig van Christus af as vol verskrikking, sodat hulle nie deur hul teenwoordige neergedruktheid ontmoedig sal word nie, terwyl hulle sien dat hulle op 'n hoogmoedige en beledigende manier deur die goddelose vertrap word.

Die styl waarmee Paulus die eindoordeel in hierdie gedeelte beskryf, herinner sterk aan die styl waarmee die profete en die Psalms dit in die Ou Testament beskryf. Daar is Skrifverklaarders wat dink dat die gedeelte van vers 7b – 10 dalk ‘n oud-christelike himne (lied/gesang) kon wees wat Paulus hier aanhaal. Dis ‘n himne wat vir ons verlore gegaan het.

‘n Voorbeeld van so ‘n ou himne word gevind in Efesiërs 5:14

> **Daarom sê Hy:**
> **Ontwaak, jy wat slaap,**
> **en staan op uit die dode,**
> **en Christus sal oor jou skyn.** (Efesiërs 5:14 AFR53)

Vers 8

Hierdie vers verwys na “**die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam**“

- Wat die aard van daardie vuur sal wees en uit watter materie dit sal bestaan, word nie geopenbaar nie. Calvyn merk op dat hy dit oorlaat ek om bespreek te word deur mense met 'n onsinnige nuuskierigheid.
- Calvyn skryf die volgende: Vir my is dit genoeg om vas te hou aan dit wat Paulus in gedagte gehad het om te leer – dat Christus die strengste wreker sal wees van die onregspleginge wat die goddelose teen ons verrig.
- Die beeldspraak van vuur en vlam, wanneer daar gehandel word oor die toorn van God, kom dikwels die Skrif voor.

Vuur as deel van God se oordeel kry ons op o.a. die volgende plekke in die Bybel:

> ’**n teken van die regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly;** (2 Tessalonisens 1:5 AFR53)
>
> **Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ’n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.** (2 Petrus 3:7 AFR53)
>
> **julle wat die ko(ms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.** (2 Petrus 3:12 AFR53)
>
> **daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.** (Openbaring 18:8 AFR53)
>
> **En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.** (Openbaring 20:10 AFR53)
>
> **En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.** (Openbaring 20:14-15 AFR53)
>
> **Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.** (Openbaring 21:8 AFR53)

Die engele kom saam wanneer die Here Jesus weer kom:

> **Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.** (Matteus 16:27 AFR53)

Die Heilige Gees noem noem hulle in wie Hy (Christus) sy almag sal uitoefen magtige engele (vers 7), want Hy sal die engele saam met Hom bring om die heerlikheid van sy koninkryk te vertoon. (Calvyn).

- Vandaar dat hulle ook elders die engele van sy majesteit genoem word. …

…**wanneer Hy wraak uitoefen…**

- Dat hy des te beter die gelowiges mag oorreed dat die vervolginge wat hulle verduur, nie ongestraf sal bly nie, leer hy dat dit ook in die belang van God self is, omdat dieselfde mense wat die godvrugtiges vervolg, rebelle teen God is.
- Derhalwe moet God teen hulle wraak neem, nie alleen terwille van ons saligheid nie, maar ook terwille van sy heerlikheid.
- Daar kan egter gevra word of dit vir ons toelaatbaar is om wraak te begeer, want Paulus beloof dit asof dit met reg begeer mag word.
    - Ek antwoord dat dit nie geoorloof is om wraak teen enigiemand te begeer nie, omdat ons beveel word om aan almal goed toe te wens.
    - Vervolgens, hoewel ons oor die algemeen wraak teen die goddelose sou kon begeer, behoort ons, omdat ons hulle nog nie (kan) onderskei nie, die heil vir almal te begeer.
- Intussen kan daar regmatiglik met verlange gehoop word op die ondergang van die goddelose, op voorwaarde dat 'n rein en reg ingerigte ywer vir God in ons harte regeer en elke onbehoorlike begeerte afwesig is. (- aldus Calvyn. Vertaling Prof Fanus Postma)

Dt is belangrik dat Calvyn se siening dat ons wraakbegeertes

- deur 'n rein en reg ingerigte ywer vir God in ons harte regeer word
- en elke onbehoorlike begeerte afwesig is. Dit is so dat ons wraak ten diepste seker meestal deur haat of verbittering gedryf word.

… **die wat God nie ken nie nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is …**

In hierdie een sinsnede word die ongelowiges met twee verskillende beskrywings genoem:

- **...die wat God nie ken nie…**
- …**die wat aan die evangelie van Christus nie gehoorsaam is nie…**

As die evangelie immers nie deur die geloof gehoorsaam word nie, soos hy leer in die eerste en laaste hoofstuk van Romeine, is ongeloof die aanleiding om dit te weerstaan.

- Hy beskuldig dieselfde mense van onkunde aangaande God, want 'n lewende bekendwees met God bring vanself 'n verering van Hom mee.
- *Gevolglik is ongeloof altyd blind, nie omdat ongelowiges geheel en al verstoke is van alle lig en kennis nie, maar omdat hulle so 'n verduisterde insig het dat hulle siende blind is* (Matteus 13:13). (- aldus Calvyn. Vertaling Prof Fanus Postma)

Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. (Matteus 13:13 AFR53)

- *Christus verklaar nie sonder rede nie:* **"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God."** (Johannes 17:3 AFR53) (- aldus Calvyn. Vertaling Prof Fanus Postma)
- *Derhalwe volg veragting van God uit die gebrek aan hierdie kennis van die saligheid en uiteindelik volg die dood*. (- aldus Calvyn. Vertaling Prof Fanus Postma)

Verse 9, 10

Hulle sal as straf ondergaan ’n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte, wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te

word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind. Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak, (2 Tes. 1:9-11 AFR53)

Vers 9

. . . 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here . .

Deur 'n byvoeging toon hy aan wat die aard van die straf is waarvan hy melding gemaak het, naamlik verderf sonder end en die ewigdurende dood.

- Die ewigdurendheid van die dood word hieruit bewys, dat dit die heerlikheid van Christus as teenpool het.
- Ja, dit is ewig en het nie 'n einde nie, en dus sal die krag daarvan nooit wyk nie.
- Hieruit kan ook die gestrengheid van hierdie verskriklike straf afgelei word, omdat dit net so groot sal wees as wat die heerlikheid en majesteit van Christus is. (vertaling: prof. Postma)

Die woord wat vir straf gebruik word, stel dit baie duidelik:

- Die straf van die Here oor die wat verlore gaan, nie maar net sommer 'n willekeurige daad is of een van onredelike aggressie nie.
- Dis is 'n berekende regsdaad wat van God af uitgaan.
- Dit is 'n daad waarin God die regte straf afgemeet het vir die oortreding wat begaan is, en dit dan voltrek.

Die ewigheid en onslytbaarheid van hierdie straf word ook baie duidelik geopenbaar.

- Die Here Jesus het dit in 'n omgekeerde uitdrukking gestel: "hulle sal nooit" in die hemel kom nie, beteken presies dieselfde as "hulle sal vir ewig in die hel bly".
- Vergelyk hiervoor die volgende woorde van die Here Jesus:

Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. (Mark. 10:15 AFR53)

Die inhoud van die straf is dus dat die wat hel toe gaan, duidelik sal kan sien hoe die Here Jesus by die is wat Hy salig maak. Hulle mis dus die saligheid (weg van die aangesig van die Here) heeltemal. Vergelyk hiervoor die volgende twee Bybelgedeeltes:

Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. (1 Joh. 3:2 AFR53)

Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. (Matt.s 5:8 AFR53)

Die woorde wat Paulus hier gebruik, herinner baie sterk aan die volgende gedeelte in die Ou Testament:

Gaan in die rots en steek jou weg in die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil. (Jes. 2:10 AFR53)

En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. (Jes. 2:19 AFR53)

. . . om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. (Jes. 2:21 AFR53)

Die Here Jesus het presies dieselfde dinge geleer. Vergelyk byvoorbeeld die volgende uitsprake van die Here:

> **Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.** (Matt. 25:41 AFR53)

> **En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!** (Matt. 7:23 AFR53)

> **En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!** (Luk. 13:27 AFR53)

Die woord heerlikheid beteken iets soos die sigbare manifestering van die grootheid en heiligheid van God.

Wat in hierdie uitspraak gebeur, is dat die teëpool van die openbaring/koms van die Here Jesus geskets word: Ons wat glo, gaan verkwik word as Hy verskyn, maar die ander wat onbekeerlik was, gaan al hierdie verskriklikhede oorkom.

Die Tessalonisense het die krag van die vername en sterk mense van hulle tyd gevoel – maar nou word hulle geleer en daaraan herinner dat daar ’n mag is wat oneindig groter as hierdie menslike magte is.

Die wat in hierdie lewe hardkoppig die liefde van die Here Jesus bly verwerp, gaan in die ewige lewe ’n onmeetbare verlies beleef!

Vers 10

> **Wanneer Hy kom om verheerlik te word . . .**

Die wanneer (***otan***) beteken grammaties bloot dat die tyd van die wederkoms onbekend is. Maar wanneer dit ook al gebeur, sal dit gekenmerk word deur glorie en heerlikheid.

Die heerlikheid sal nie net teen die hemel en in die Here Jesus Christus gesien word nie. Die Here openbaar hier dat die heerlikheid ook in al die heiliges gesien sal kan word! Die heiliges sal soos ’n spieël word wat die grootheid en glorie van hulle Here weerspieël.

Vergelyk hiervoor die volgende uitspraak van die apostel Johannes:

> **Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.** (1 Joh. 3:2 AFR53)

Die wederkoms van die Here Jesus openbaar dus alles wat tot nou toe verborge was. Die doel van die koms van die Here Jesus is dus dat Hy hom in sy uitverkorenes verheerlik, omdat Hy hulle ook verheerlik.

Calvyn sê die volgende hieroor:

Aangesien hy (Paulus) tot dusver gehandel het oor die straf van die goddelose, keer hy nou terug tot die godvrugtiges en sê dat Christus sal kom om in hulle verheerlik te word – dit is, dat Hy hulle mag omstraal met sy heerlikheid, sodat hulle deelgenote van Hom mag wees.

- Dit is asof hy wou sê dat Christus nie hierdie heerlikheid vir Homself sal hê nie, maar dat dit gemeenskaplik sal wees aan al die heiliges.
- Dit is die hoogste en uitsonderlike vertroosting van die godvrugtiges, dat wanneer die Seun van God in die heerlikheid van sy koninkryk openbaar sal word, Hy hulle saam met Hom sal vergader in dieselfde gemeenskap.

Hier is egter ’n onderliggende teenstelling tussen die teenwoordige toestand waaronder die gelowiges swoeg en sug, en daardie uiteindelike herstel.

- Nou is hulle immers blootgestel aan die belediginge van die wêreld en word beskou as veragtelik en nikswerd, maar dan sal hulle hooggeskat en vol waardigheid wees, wanneer Christus sy heerlikheid op hulle uitstort.
- Die einddoel is dat godvrugtige mense as 't ware met geslote oë sal voortgaan op hierdie kort reis van hul aardse lewe, met die gedagte altyd gerig op die toekomstige openbaring van die koninkryk van Christus.
- Immers, waarop het die vermelding van sy koms en krag anders betrekking, as dat hulle in hoop mag voortsnel na daardie heerlike wederopstanding wat nou nog verborge is?

Dit moet ook opgemerk word dat nadat hy hulle "**heiliges"** genoem het, hy by wyse van verduideliking byvoeg "**almal wat glo**", waardeur hy aandui dat daar in mense geen heiligheid bestaan sonder geloof nie, maar dat almal onheilig is.

*Ten slotte herhaal hy weer (die woorde) "**in daardie dag**", om die begeertes van gelowiges in toom te hou sodat hulle nie buite mate sal voortsnel nie.* (Vertaling: prof. Postma)

. . . bewonder (verwonder) . . .

Bewonder hier het nie die betekenis van familiêre bewondering nie. Dit is 'n soort van verwondering wat die grense van jou verstand skud omdat jy nie kan begryp wat jy besig is om te sien nie. 'n Voorbeeld is Johannes se verwondering vir die vrou wat die Here vir hom wys (terwyl hy goed weet dit is die eindbeeld van die kerk!):

> **En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.** (Op. 17:6 AFR53)

. . . in almal wat glo . . .

Die tydsvorm waarin die woorde staan, dui daarop dat dit mense was wat 'n beslissende besluit geneem het om in Jesus Christus te glo, en daarby gebly het. Die "bevel" wat in hierdie woorde opgesluit lê, is dat daar ook by ons die beslissende besluit moet wees dat ons in die Here Jesus glo, en dat niks ons van hierdie geloof sal afkry nie!

. . . want ons getuienis het by julle geloof gevind . . .

Wat hy in algemene terme aangaande die heiliges gesê het, pas hy nou toe op die Thessalonicense, sodat hulle nie sal twyfel dat hulle tot dié getal behoort nie. Omdat, sê hy, my prediking by julle geloof gevind het, het Christus julle reeds toegevoeg tot die getal van sy mense wat hy deelgenote sal maak van sy heerlikheid. Hy noem sy leer 'n getuienis, omdat die apostels getuies van Christus is. Laat ons derhalwe leer dat die beloftes dan in ons bevestig word, wanneer dit geloof by ons vind.
(vertaling: prof. Postma)

In kort: Die getuienis van die Tessalonisense het dus vrugte gedra!

Vers 11

Daarom bid ons ook altyd vir julle . . .

Sodat hulle mag weet dat hulle die voortdurende hulp van God nodig het, getuig hy dat hy vir hulle bid. Wanneer hy sê "daarom" (om hierdie rede), bedoel hy sodat hulle daardie uiteindelike doel van hulle lewensbaan mag bereik, soos blyk uit die verdere verband dat Hy alle welgevalle . . . volkome mag maak ens. Tog lyk dit asof dit wat hy eerste gestel het, oorbodig is, want God het hulle reeds waardig geag aan sy roeping. Hy praat egter oor die einddoel of volvoering wat gewortel is in volharding. Omdat ons immers geneig is om te kort te skiet, sal ons roeping, vir sover dit ons betref, nie dit deurstaan om later van geen krag te word nie, as God dit nie bestendig nie. Daarom word gesê dat Hy ons waardig ag, wanneer Hy ons tot die doel (van ons roeping) lei. (Vertaling: prof. Postma)

. . . en dat Hy alle welgevalle . . . volkome mag maak . . .

Dit is wonderbaarlik hoe Paulus die genade van God besing, want nie tevrede met die woord "welgevalle" nie, sê hy dat dit uit die goedheid van God voortvloei – tensy iemand miskien verkies om die goedheid af te lei uit die welgevalle, wat dieselfde beteken. Wanneer ons egter hoor dat die onverdiende welgevalle van God die oorsaak is van ons saligheid, en dat dit (die welgevalle) gefundeer is in die goedheid van God self, is ons dan nie meer as kranksinnig as ons enigiets, hoe gering ook al, waag om vir onsself aan te matig nie? En hierdie woorde dra immers geen geringe gewig nie. Hy kon dit met 'n enkele woord gesê het, naamlik dat ons geloof volkome gemaak mag word, maar hy noem dit welgevalle. Hy druk dit vervolgens nog duideliker uit (deur te sê) dat God deur niks anders beweeg was as deur sy goedheid nie, want Hy vind in ons niks anders as ellende nie. (Vertaling: prof. Postma)

Paulus skryf egter nie net die begin van ons saligheid toe aan die genade van God nie, maar alle dele van ons saligheid. So word daardie versinsel van die Sofiste weerlê dat ons inderdaad deur die genade van God vooruitgeloop word, maar dat die saligheid aangehelp word deur daaropvolgende verdienste. Maar Paulus erken in die hele loop van die saligheid niks buiten die onvermengde genade van God nie. Aangesien die welgevalle van God reeds in Homself vervul is, druk Paulus, verwysende na die volgende deel met betrekking tot die uitwerking wat in ons te voorskyn tree, sy bedoeling uit, wanneer hy byvoeg die werk van die geloof. En hy noem dit 'n werk met betrekking tot God, wat geloof in ons werk of bewerk. Dit is asof hy wou sê: sodat Hy die bouwerk van die geloof wat Hy begin het, mag voltooi. (Vertaling: prof. Postma)

Dit is ook nie sonder rede dat hy sê "met krag" nie, want hy sinspeel daarop dat die vervolmaking van die geloof 'n swaar en uiters moeilike saak is. Dit ondervind ons ook meer as genoeg. Die rede lê ook voor die hand, as ons bedink hoe groot ons swakheid is, hoeveel struikelblokke vir ons van alle kante opgehoop word en hoe ernstig die aanvalle van Satan is. As die krag van God ons dus nie in 'n ongewone mate te hulp kom nie, sal die geloof nooit styg tot sy hoogtepunt nie. Dit is immers niks makliker om die geloof in 'n mens te vervolmaak nie, as om 'n toring uit water op te rig wat deur sy soliedheid alle storms en geweld van orkane kan weerstaan, en wat in hoogte die wolke te bowe mag gaan, want ons is nie minder vloeibaar as water nie, en dit is nodig dat die hoogte van die geloof die hemele sal binnedring. (Vertaling: prof. Postma).